

1984 Vir Hennie

DIE CHRISTELIKE GODSDIENS EN DIE NUWE GRONDWETLIKE BEDELING

Dit is haas nie nodig om te sê dat ek nie met enige aansprake op teologiese deskundigheid of diepsinnigheid oor die onderwerp kan praat wat aan my opgedra is nie. Ek kan hoogstens 'n paar opmerkinge maak as iemand wat met die verantwoordelikhede van die praktiese politiek belas is, maar wat in die uitvoering van hierdie verantwoordelikhede ook erns wil maak met my Godsdienstige oortuigings as 'n belydende Christen. U sal wel die nodige simpatieke begrip daarvoor hê.

Na dit my voorkom, het die verhouding wat in ons onderwerp aan die orde gestel word, meer as een kant. 'n Mens sou dit met ander woorde vanuit verskillende gesigspunte kan benader. Ek wil graag hierdie gesigspunte in die vorm van vrae formuleer wat as leidrade kan dien vir die opmerkinge wat ek wil maak.

1. Beantwoord die nuwe grondwetlike bedeling aan die normatiewe eise van die Christelike godsdienst?

Die funksie van 'n grondwet is om 'n vaste raamwerk van instellings en prosedures te omlyn waarbinne ordelike en effektiewe besluitneming kan plaasvind in die bestuur van landsake en in die reëling van die openbare lewe van 'n staatkundige gemeenskap.

Nou weet ek dat daar mense is wat reken dat die Christelike godsdienst alleen betrekking het op die persoonlike verhouding van die individu tot God en daarom geen konsekwensies inhou vir die wyse waarop die openbare lewe van 'n gemeenskap ingerig, gereël en bestuur word nie. Dit is nie 'n standpunt wat ekself kan onderskryf nie, en in hierdie kring is dit seker ook nie nodig om daarby stil te staan nie.

Die boodskap van die Christelike godsdienst omspan die totale lewe van die mens, insluitende die politieke ordening en gesagstruktuur van die samelewing. Daarom is die eerste vraag wat ek gestel het, allersins ter sake. As Christene behoort ons vir onself af te vra in hoe 'n mate die politieke ordening en gesagstruktuur wat deur die nuwe grondwet in die vooruitsig gestel word, die toets van die Christelike boodskap kan deurstaan.

'n Mens sou waarskynlik lank kon uitwei oor wat hierdie toets alles behels. Ek meen egter dat die kern daarvan saamgevat kan word in die eis van regverdigheid. Die Christelike boodskap vra dat die openbare lewe van 'n gemeenskap so ingerig sal wees dat alle lede van die betrokke gemeenskap regverdig behandel sal word, dit wil sê dat reg en geregtigheid aan almal sal geskied. Hierdie eis geld ook vir die gesagstruktuur wat deur die konstitusie van 'n staat gegrondves word.

Ek haas my om te sê dat ek nie van mening is dat die Christelike eis van regverdigheid 'n spesifieke grondwetlike bloudruk impliseer nie. Die boodskap van die Christelike godsdiens skryf nie een of ander ideale regeringsvorm voor wat sonder inagneming van konkrete omstandighede en probleme teen elke prys in praktyk gebring moet word nie. Die eis van 'n regverdige politieke bedeling impliseer alleen dat watter gesagstruktuur ookal bedink en gevestig word, so 'n gesagstruktuur aan elkeen wat daaronder ressorteer, sy regmatige aandeel in besluitnemingsprosesse sal laat toekom.

Ek dink nie dat daar enige verskil van mening kan wees oor die diskriminerende aard van die politieke status quo nie. Bepaalde bevolkingsgroepe wat deel uitmaak van die Suid-Afrikaanse nasie is op die oomblik geheel en al uitgesluit van die sentrale besluitnemingsprosesse van die staat. Dit beteken dat hulle geen seggenskap het in die bestuur van sake wat ook hulle eie lewe en belange raak nie. Die huidige gesagstruktuur berus daarom op 'n onregverdige distribusie van mag.

By diegene wat hulleself verplig ag deur die Christelike eis van regverdigheid kan daar gevolglik ook geen verskil van mening wees oor die noodsaak van hervorming met die oog op 'n regverdige politieke bedeling nie. Die debat kan alleen gaan oor die gestalte en die rigting van so 'n hervormingsaksie. In so 'n debat sal die oorweging van praktiese uitvoerbaarheid vanselfsprekend van deurslaggewende belang wees.

Die nuwe grondwetlike bedeling is 'n ernstige poging om 'n gesagstruktuur te vestig wat aan die Christelike eis van regverdigheid voldoen en tegelyktertyd rekening hou met die norm van praktiese

werkbaarheid. Dit wil wegbeweeg van 'n bestel wat deur politieke diskriminasie gekenmerk word, en 'n bedeling tot stand bring waarin bepaalde bevolkingsgroepe hulle regmatige aandeel in die gesagstruktuur van die land verkry. Dit wil hierdie nuwe bedeling tegelykertyd so struktureer dat die moontlikhede van stabiele en effektiewe regering in die praktyk verseker word. Die nuwe grondwet hou daarom in sy strewe na groter regverdigheid tegelykertyd rekening met die histories gegroeide realiteite van ons Suid-Afrikaanse situasie.

Dit is bes moontlik dat ander alternatiewe bedink kan word om 'n einde aan politieke diskriminasie te maak en wat 'n regverdiger bedeling in die vooruitsig kan stel. Dit is egter een ding om sulke alternatiewe te bedink. Dit is 'n ander ding om sulke alternatiewe so uit te werk dat hulle ook 'n kans het om grond te vat en in harde praktyk omgesit te kan word. U sal my nie verkwalik as ek sê dat daar op die oomblik geen sodanige uitvoerbare alternatiewe op die tafel is nie, en met inagneming van die beperkinge en moontlikhede van demografiese, ekonomiese en politieke realiteite ook nie voorsien kan word nie.

2. Hou die nuwe grondwetlike bedeling enige bedreiging in vir die beoefening, uitlewing en handhawing van die Christelike godsdiens?

Miskien is dit die gesigspunt wat in ons tweede vraag uitgedruk word, wat die meeste kommer by mense wek. Dit is allesins begryplik, nie die minste nie omdat sommige teenstanders van die nuwe grondwet dit een van hulle belangrikste argumente gemaak het om weerstand teen die nuwe grondwet te mobiliseer.

Die argument kom daarop neer dat nie-Christelike bevolkingsgroepe onder die nuwe bedeling medeseggenskap sal verkry in die landsbestuur en dat dit daarom verwag kan word dat Christelike beginsels en waardes nie meer in ag geneem sal word in Sentrale besluitnemingsprosesse nie. Die gevolg sal wees dat ons 'n regeringstyl sal kry wat op sy beste neutraal sal staan teenoor die belange en behoeftes van Christene, op sy slegste tot 'n gestadige erosie en uiteindelijke ondermyning van die posisie van die Christelike godsdiens in Suid-Afrika sal lei.

'n Mens is geneig om so 'n argument met enige mate van sinisme te bejeën en dit as 'n skoolvoorbeeld van opportunistiese politiekery en kwaadwillige uitbuiting van 'n sensitiewe saak met die oog op propaganda te beskou. Ek sal my egter van hierdie begryplike reaksie weerhou en probeer om dit ernstig op te neem as uitdrukking van 'n reële vrees wat wel by sommige mense kan bestaan.

Dit is waar dat die grootste deel van die Asiërgemeenskap en 'n baie kleiner persentasie van die Klerulinggemeenskap aanhangers is van nie-Christelike godsdienste. Volgens die nuwe grondwet sal hierdie mense ook, in ooreenstemming met voorgeskrewe prosedures, inspraak verkry in die besluitneming oor sake van gemeenskaplike belang. Niemand wil dit ontken nie. Die vraag is egter of hierdie inspraak enige gronde gee vir bogenoemde vrees.

Ten eerste moet 'n mens daarop wys dat daar ook in die huidige bedeling mense is wat stemreg het en tot verteenwoordigende gesagsposisies verkies kan word, en wat nie-Christene is. Ons het 'n beduidende Joodse gemeenskap in ons midde wat op al die verskillende bestuursvlakke tradisioneel 'n belangrike rol gespeel het en nog speel. Bowenal is daar talle blankes wat óf onverskillig staan teenoor die Christelike godsdienst óf uit en uit ateïsties gesind is. Daar is na my beste wete niemand wat nog ernstig die pleit gevoer het dat sulke mense 'n aparte staatkundige bedeling moet kry omdat hulle deelname aan die gesagstruktuur van die RSA 'n bedreiging inhou vir die Christelike godsdienst nie. Die rede hiervoor is voor die hand liggend. Die Christelike godsdienst is oor die eeue in Suid-Afrika gevestig as die oorheersende godsdienst van die Suid-Afrikaanse samelewing, nie net getalsgewys nie, maar veral wat sy invloed in die openbare lewe betref. Hierdie invloed strek hom ook uit in die politieke sfeer, in die styl van regering en in die waardeoriëntasie wat neerslag gevind het in algemene bestuurskonvensies, statutêre maatreëls en administratiewe bedrywigheide. Die invloed van die Christelike godsdienst het so ver deurgewerk en is tot so 'n mate gestabiliseer in die Suid-Afrikaanse huishouding dat ek dit moeilik kan voorsien dat die inspraak van nie-Christelike minderheidsgroepe enige bedreiging daarvoor kan inhou.

Tweedens sou ek daarop wil wys dat die nuwe grondwet die beginsel

van godsdiensvryheid erken as 'n onvervreembare reg waarop alle burgers van die staat aanspraak het. In hierdie opsig is daar geen verskil met die huidige grondwet nie. Gesagsdraers sal ook in die nuwe bedeling aan hierdie beginsel gebonde wees. Dit is daarom uitgesluit dat enige owerheidsliggaam besluite sal kan neem of maatreëls sal kan tref wat daarop gemik is om die vryheid van godsdiensoefening vir die Christelike seksie van die bevolking op enige wyse in te perk, net so min as wat dit ten opsigte van aanhangers van nie-Christelike godsdienste kan geskied. Daar bestaan dus geen moontlikheid dat die Christelike godsdienst op enige wyse doelbewus deur politieke besluitneming in gevaar gestel of ondermyn kan word nie.

Afgesien van die waarborg wat die beginsel van godsdiensvryheid bied teen 'n moontlike aantasting van die posisie van die Christelike godsdienst van owerheidsweë, is daar egter ook 'n derde punt waarop ek graag wil wys. Dit is naamlik die feit dat die aanhef van die nuwe grondwet die gesagsuitoefening in die RSA uitdruklik verbind tot die handhawing en bevordering van Christelike lewenswaardes. Dit beteken welliswaar nie dat Christene vanweë hulle godsdienstige oortuiginge persoonlik bevoordeel sal word nie. Maar dit is in elk geval uitgesluit in 'n staat wat die beginsel van godsdiensvryheid erken. Dit beteken egter wel dat die grondwet gesagsdraers verbind tot 'n erkenning en handhawing van die basiese riglyne van 'n Christelike gestempelde lewenspatroon. Geeneen van die deelnemende partye in die nuwe bedeling kan enige twyfel hê oor hierdie grondliggende motief wat in die konstitusie van die nuwe RSA vervat is nie. Dit is daarom ondenkbaar dat daar in die wetgewende en uitvoerende gesagsuitoefening ten opsigte van gemeenskaplike sake 'n neutrale of onverskillige houding met betrekking tot Christelike waardes ingeneem kan word, laat staan nog die moontlikheid dat sulke waardes doelbewus afgetakel of ondermyn kan word.

Ek sou ten slotte nie kon weet hoe 'n grondwet op sigself nog meer of beter waarborge kan verskaf om die genoemde vrees te besweer nie. Nóg die huidige grondwet, nóg enige ander grondwet van 'n teenswoordige staat waarvan ek weet, bepaal dat die bekleërs van gesagsposisies in owerheidsliggame uitsluitlik Christene moet wees nie. Of die posisie van die Christelike godsdienst in 'n staat gehandhaaf kan word al

dan nie, kan in laaste instansie nie deur 'n grondwet op sigself verseker word nie. 'n Grondwet kan hoogstens die moontlikheid vir so 'n handhawing skep en in stand hou. Of hierdie moontlikheid verwerklik word al dan nie, hang menslikerwys gesproke af van die Christene wat daaronder leef en werk, van die lewenskragtigheid van hulle persoonlike geloof en van die soort leierskap wat in hulle midde gegenereer word. Om dit anders te stel: 'n Grondwet bepaal alleen die raamwerk van regeringsinstellings en regeringsprosedures. Hoe daar binne hierdie raamwerk regeer word, hang af van die geestelike disposisie en oortuigings van die gemeenskap wat gesagsdraers voortbring. Of hierdie disposisie en oortuigings deur en deur Christelik sal wees, kan deur geen grondwet op sigself verseker word nie. Dit word bepaal deur die persoonlike geloofslawe en godsdiensbeoefening van mense in hulle verhouding tot en toewyding aan God.

Ek het genoeg vertrouwe in die erns, die egtheid en lewenskragtigheid van die Christelike geloofslawe van Suid-Afrikaanse Christene van alle bevolkingsgroepe om eerder met hoop en verwagting as met 'n alarmistiese ondergangstemming na die toekoms van die Christelike godsdiens onder die nuwe bedeling te kyk. Dit bring my dan ook sommer by my derde vraag.

3. Watter bydrae kan die Christelike godsdiens lewer tot die sukses van die nuwe grondwetlike bedeling?

Ek wil op hierdie vraag direk antwoord deur te sê: die deurslaggewende bydrae. Die nuwe bedeling is 'n oefening in die versoening van uiteenlopende belange, in die uitskakeling van konflik en konfrontasie, in die bevordering van 'n stabiele, vreedsame en regverdiger samelewing.

As ek die boodskap van die Christelike godsdiens goed begryp, dan is dit 'n boodskap wat nie in stryd is met die doelwitte wat deur die nuwe grondwetlike bedeling nagestreef word nie. Intendeel. Dit lyk my juis na 'n boodskap wat die diepste motiewe vir politieke doelwitte van hierdie aard verskaf. Juis daarom dink ek dat die uiteindelijke sukses van hierdie konstitusionele oefening in geen geringe mate nie afhanklik is van die deurwerking en die uitwerking van die Christelike boodskap in die harte en lewens van al die deelnemende partye.

Ek hoef u skaars daaraan te herinner dat ons leef in 'n heterogene en gefragmenteerde samelewing waarin die potensiaal vir onderlinge vervreemding, polarisasie en vyandskap nie net groot is nie, maar deur allerlei historiese faktore ook reeds tot 'n beklemmende mate gerealiseer is. Wanneer 'n mens

gewoon in terme van eie belang, toekomstige sekuriteit en voortbestaan na hierdie situasie kyk, is dit al genoeg om jou te laat besef dat dit nie so kan voortgaan nie. Wanneer jy daarna kyk in die lig van die aansprake en die beloftes van die Christelike boodskap word dit 'n totaal onhoudbare stand van sake wat om dringende hervorming roep.

Die nuwe grondwetlike bedeling is 'n poging om 'n raamwerk vir versoening, samewerking en vrede vir Suid-Afrika se mense te skep. Die grondwet op sigself kan vanselfsprekend nie die suksesvolle verwesenliking van hierdie doelwitte verseker nie. Of dié poging gaan slaag, hang af van die goeie wil van die mense wat hulle sake binne hierdie nuwe raamwerk moet bestuur. Dit sal 'n wil moet wees om mekaar bewustelik oor die grense van ingeroeste vooroordele en griewe te aanvaar, te verdra en bowenal te vertrou.

Ek dink nie dat daar enige ander faktor is wat so 'n wil kan mobiliseer as die Christelike godsdiens nie. Daarmee wil ek nie sê dat die Christelike godsdiens as't ware vir politieke dienstigheid ingespan en gebruik moet word nie. Die punt is eerder dat die soort motiewe wat ten grondslag van die nuwe grondwetlike bedeling lê, nie vreemd is aan die strekking van die Christelike boodskap nie, maar juis deur laasgenoemde gevoed word. Maar daarom het die nuwe bedeling ook skaars 'n kans om te slaag as dit nie self geïmplementeer en deurgevoer word deur mense wat die Christelike gevormde en geïnspireerde wil het om met woord en daad te demonstreer dat onderlinge aanvaarding, verdraagsaamheid en vertroue moontlik is, en dat vervreemding, vyandskap en konfrontasie nie die laaste woord hoef te spreek nie.

Ek is daarvan oortuig dat die Christelike godsdiens nie natuurlike groeps-verbondenheid en groepslojaliteite ontken of veroordeel nie. Maar ek is net so seer daarvan oortuig dat die Christelike godsdiens 'n samebindende krag is wat sulke verbondenhede en lojaliteite kan oorskry en die basis kan lê vir 'n gemeenskap van vrede waarin mense mekaar kan vind sonder opheffing van hulle eiesoortigheid en verskeidenheid. Die Christelike godsdiens verseker dat die legitieme liefde vir die eie nie ontaard in selfsugtige eiebelang, en dat groepsverbondenhede nie tot vooroordele, wantroue en vervreemding lei nie. Die Christelike godsdiens voed nie konfrontasie en konflik nie, maar versoening en vreedsame naasbestaan.

Dit is hierdie motiewe en waardes wat deur die Christelike godsdiens geïnspireer, gevoed en in stand gehou word, wat die onontbeerlike basis vorm vir die nuwe grondwetlike bedeling. Dit sou daarom 'n skreiende, ek wil byna sê

hemeltergende ironie wees wanneer Christene in Suid-Afrika deur hulle optrede of versuim bydra tot die mislukking van 'n eerlike hervormingspoging om vir 'n bestel wat ook vanuit Christelike gesigspunt onhoudbaar is, 'n uitvoerbare alternatief te vind.

Verre van 'n bedreiging vir die Christelike godsdiens in te hou, bied die nuwe bedeling myns insiens 'n uitnemende geleentheid om die versoenende krag van hierdie godsdiens ook in die veld van ons probleemgeteisterde Suid-Afrikaanse politiek te demonstreer.